


WYKSBYEENKOMS

3 September 2017



Die mooiste Storieboek

Plek:.....

Tyd:.....

Datum:.....

ONDERLINGE SORG:

- *Ons is in September! 'n Nuwe siesoen breek aan, Lente. Deel met mekaar die plekke om julle waar julle bewus raak van nuwe lewe wat deurbreek.*
- *Wat is daar op die oomblik wat jou veugde steel?*
- *Wat is daar, wat jy wil deel, wat jou vreugde gee?*
- *Is daar enige nuwe intrekkers waarvan julle weet? Het julle al kontak gemaak en hulle genooi na julle byeenkoms? Gee hulle inligting deur aan die groepleier sodat die kerkkantoor kan kontak maak.*

AANBIDDING:

- *Maak julle oë toe. Raak vir 'n oomblik stil en gee tyd dat die groep hulleself indink dat hulle in God se troonkamer is. God sit op die troon. Probeer jou indink hoe God lyk? Beweeg nader aan God. Watter woord of beeld beskryf God? Dink vir 'n oomblik na oor hierdie woord of beeld en wat dit vir jou beteken. [gee 3 minute hiervoor] Die groep kan met mekaar deel wat hulle beleef het.*
- *As gebed kan een van die groepslede die woorde van een van die liedere uit die Liedboek lees, wat gewoonlik gesing word ter voorbereiding om God se Woord te hoor (Lied 253-258).*

AGTERGROND:

Hierdie jaar herdenk ons die Reformasie. 500 jaar gelede het Luther met sy 95 stellings oor die aflaat gepoog om 'n kritiese openbare debat aan die gang te sit. Luther wou hiermee sê dat jy jou redding nie kan koop nie. In die Reformasie is die boustene van die gereformeerde tradisie gelê. Die NG Kerk eggo dus ook die tradisie waarin daar bely word dat die Woord alleen, genade alleen, geloof alleen en Christus alleen genoegsaam is vir die mens se redding.

Die feit dat die Bybel na die voorkant van die kerk geskuif is na die Reformasie (waar die altaar die sentrale plek inneem in die Katolieke Kerk), benadruk die groot waarde wat daaraan toegeken is. Dit is deur sy Woord dat die Gees van God met die mens praat en die verhaal van versoening en verlossing verkondig word.

Luther het hieraan soveel waarde geheg, dat hy die Bybel vir die eerste keer in Duits vertaal het, sodat gewone lidmate en landsburgers dit kon lees en verstaan in hulle moedertaal. Die Bybel is nie net 'n topverkoper en die boek wat die meeste gedruk is van alle tye nie, maar ook die mooiste verhaal wat ooit vertel is. Dit is God se verhaal vir die mens. Dis 'n verhaal van liefde. Dit is vir alle mense. Dis 'n verhaal wat tydloos is en hoop gee vir almal deur die eeue.

Wanneer laas het jy nagedink oor die voorreg om 'n Bybel in jou eie taal te kan besit?

BYBELSTUDIE:

1. *Watter beeld of metafoor beskryf die Bybel vir jou die beste? Waarom sê jy so?*
2. *Het jy 'n spesiale teksgedeelte? Hoekom is dit vir jou spesiaal?*

Lees die volgende teksgedeeltes en reflekteer telkens oor die spesifieke vraag.

- **Psalm 119:1-9, 105**
Wat beteken dit prakties, wanneer jy sê *die Woord van die Here is my leiding*?
 - **Lukas 24:25-27**
Bespreek die gedeelte. Hoe dink jy vertel die Ou Testament ons meer van Jesus en dit wat Hy moes kom doen het?
 - **Johannes 20:29-31**
Baie mense sê dat die Bybel hulle nie help om te glo nie, maar eerder 'n struikelblok is vir mense se geloof. Hoe help die Bybel ons om te glo ("gelukkig te wees"), al het ons Jesus "nie gesien nie".
 - **Hebreërs 1:1-3**
Hoe dink jy praat die Here vandag nog met ons? Is dit maklik om Hom te hoor? Wat maak dit maklik en Wat maak dit moeilik om die Here te hoor?
 - **Johannes 1:1-8**
Hoe help dit mense dat die Woord (Jesus) vlees geword het? Hoe leer ons God die Vader ken deur Jesus?
 - **2 Timoteus 3:14-17**
Ons sê dat jy nie gered word deur te *verstaan* nie, maar deur te *glo*. Daarom doop ons selfs babatjies. Hoe moet ons hierdie gedeelte verstaan, wanneer Paulus die jong Timoteus aanmoedig?
3. **Deel met die groep watter waarde die Bybel in jou eie lewe speel. Kan jy dink aan 'n tyd toe die Woord van die Here vir jou 'n besondere waarde gehad het?**

INTEGRASIE EN DIENS:

Ons leef in 'n tyd waarin ons oorlaai word met inligting en informasie. Die versoeking bestaan dat die Bybel net nog 'n boek of inligtingsdokument kan raak. Die Bybel is egter uniek. Dit is God se woorde in mensetaal. Dit is die mooiste "Storieboek" ooit! Dit vertel die verhaal van God se grenslose en onuitputlike liefde vir jǒu!

Die wonder van hierdie Boek, is nie dat dit oor eeue deur 'n klomp skrywers opgestel is nie. Die wonder van hierdie boek, is dat dit tydloos is. Die Gees van God maak dit tydloos. Die woorde spreek nie net deur die eeue en tot alle mense nie. Die woorde is transformerend.

*Mag ons die Bybel so lees, dat dit die manier waarop ons dink,
kyk en voel verander.*

Mag die Bybel ons opnuut innooi om God se nuwe koninkryk raak te sien en te leef.

Mag die woorde van die Here lewe kry, deur die werk van die Gees in ons doen en late.

Ek slat my twee oge op
my kyk vang die verste kop:
waavanaf sal my hulp nou kom?
My hulp is van die Jirre, van Hom:
Hy't nou die jimmel an Prieska gekom maak.
Sonner lat jou voete klipperse raak,
is Hy skoene agterrie skaap.
Hy dink nooit nie eers oor slaap.
Sontyd is Hy hoed op jou kop,
innie nag hou Hy gevaarlikeit dop.
Hy's mos nou da om jou op te pas:
jou siel hou Hy tissen jou ribbes vas.
Gan jy nou in of gan jy nou yt:
Hy's oor jou vi ewig an vi altyd.



Griekwapsalm 121 - Hans du Plessis